higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

N1400(**A)**(N16)H

NASIONALE SERTIFIKAAT

PUBLIEKE REG N6

(13030136)

16 November 2018 (X-Vraestel)
09:00–12:00

Hierdie vraestel bestaan uit 9 bladsye.

Kopiereg voorbehou

DEPARTEMENT VAN HOËR ONDERWYS EN OPLEIDING
REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

NASIONALE SERTIFIKAAT
PUBLIEKE REG N6
TYD: 3 UUR
PUNTE: 200

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Beantwoord AL die vrae.
2. Lees AL die vrae aandagtig deur.
3. Nommer die antwoorde volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.
4. Skryf netjies en leesbaar.

Kopiereg voorbehou

AFDELING A

VRAAG 1

1.1 Verskillende opsies word gegee as moontlike antwoorde op die volgende vrae. Kies die antwoord en skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommer (1.1.1–1.1.5) in die ANTWOORDBOEK neer.

1.1.1 Die funksies van die akteskantoor is die volgende:

A Onderverhuring en notariële aktes
B Registrasie van roerende eiendom
C Opstel van huweliksvoorwaardeskontrakte
D Registrasie van persoonlike lenings

1.1.2 Die goue reël van uitleg beteken

A om wetgewing uit te lê, moet mens dit eers lees en ontleed.
B as die reg op 'n algemene situasie toegepas word, moet die toepassing van die reg algemeen wees.
C die ware bedoeling van die wetgewer moet gevolg word
D die bedoeling van die wetgewer, soos verteenwoordig deur die woorde van die wet, moet gevolg word.

1.1.3 Watter tipe appèl bestaan NIE in Suid-Afrika NIE?

A Statutêre appèl van 'n laer hof na 'n hoër hof
B Statutêre appèl van 'n laer hof na 'n ander laer hof
C Statutêre appèl van 'n Hoë Hof na die Hoogste Hof van Appèl
D Deur 'n statutêre liggaam

1.1.4 Die 'eienskappe van die reg' kan as volg opgesom word:

A Dit is 'n stel reëls wat strydig is met die Grondwet.
B Dit verseker wanorde in die samelewing en verseker dat die reg konsekwent toegepas word.
C Dit is 'n stel reëls of regulasies wat menslike interaksie vergemaklik.
D Die reëls en wette word uitgelê en toegepas deur die burgers van die land.

1.1.5 Watter een van die volgende is NIE 'n bron van Suid-Afrikaanse staatsreg ('constitutional law')NIE:

A Wetgewing
B Gemenereg
C Gewoontereg
D Britse reg

(5 × 2) (10)

1.2 Voltooi die volgende sinne deur die ontbrekende woord of woorde langs die vraagnommer (1.2.1–1.2.10) in die ANTWOORDBOEK neer te skryf.

1.2.1 ... sit voor in die Hoë Howe in Suid-Afrika.

1.2.2 Die staat kan slegs aanspreeklik gehou word vir 'n handeling of late van 'n beampte van die ...

1.2.3 Privaatreg reël die verhouding tussen twee ...

1.2.4 Buitelandse reg ('Foreign law') staan ook bekend as ...

1.2.5 Die ... is ingestel kragtens die Grondwet om klagtes van die publiek teen staatsamptenare te ontvang en ondersoek.

1.2.6 Besluite geneem deur administratiewe liggame is onderworpe aan ... hersiening.

1.2.7 ... word gemagtig deur parlementêre wetgewing om ordinansies uit te reik.

1.2.8 Interne regeringsverhoudings vind plaas tussen ...

1.2.9 Desentralisasie is die oordrag van bevoegdhede en funksies van 'n hoër orgaan na 'n ... orgaan.

1.2.10 ... is 'n bevel van 'n hoër hof na enige administratiewe liggaam om te doen wat daardie liggaam by wet verplig is om te doen.

(10 × 1) (10)

1.3 Kies 'n item uit KOLOM B wat pas by 'n beskrywing in KOLOM A. Skryf slegs die letter (A–E) langs die vraagnommer (1.3.1–1.3.5) in die ANTWOORDBOEK neer.

KOLOM A		KOLOM B
1.3.1	Reël die verhouding tussen die staat en sy subjekte/onderdane	A saaklike regte
1.3.2	Regte met betrekking tot prestasie	B gemenereg
1.3.3	Reëls wat vir die hele land geld	C persoonlike regte
1.3.4	'n Onpartydige en onafhanklik beampte van die hof	D balju
1.3.5	Regte met betrekking tot sake ('things')	E publieke reg

(5 × 1) (5)

1.4 Dui aan of die volgende stellings WAAR of ONWAAR is. Kies die antwoord en skryf slegs 'Waar' of 'Onwaar' langs die vraagnommer (1.4.1–1.4.5) in die ANTWOORDBOEK neer.

1.4.1 Alle howe is gebonde aan vorige uitsprake.

1.4.2 Materieelreg/Materiële reg ('material law) bepaal die wyse waarop 'n saak prakties behartig moet word wanneer 'n regsreël na bewering geskend is.

1.4.3 Regterlike presedente is die beslissings van die laer howe.

1.4.4 Meganiese administratiewe verrigtinge kan sonder magtiging gedelegeer word.

1.4.5 Desentralisasie is die eenvoudigste vorm van delegasie.

(5 × 1) (5)

1.5 Gee EEN woord of term vir elkeen van die volgende beskrywings: Skryf slegs een woord of term langs die vraagnommer (1.5.1–1.5.5) in die ANTWOORDBOEK neer.

1.5.1 Die voorsittende beampte van die Hof vir Klein Eise

1.5.2 Een regeringsorgaan het die gesag om die handelinge van 'n ander owerheid goed te keur

1.5.3 Artikel 33 van die Grondwet

1.5.4 Hulle staan regsfunksionarisse in die hof by en moet ondervinding van die regsprekende proses hê.

1.5.5 Hierdie leerstuk beteken dat spesifieke funksies, pligte en verantwoordelikhede aan verskillende instellings toegewys word.

(5 × 1) (5)

1.6 Kies die korrekte woord of woorde uit dié wat tussen hakies gegee word. Skryf slegs die woord of woorde langs die vraagnommer (1.6.1–1.6.5) in die ANTWOORDBOEK neer.

1.6.1 (Geregtelike/Wetgewende) ('Judicial/Legislative') verrigtinge is die beslissings geneem deur wetgewende liggame om administratiewe optrede uit te voer.

1.6.2 ('n Mandamus/'n Interdik) is 'n regsmiddel ('legal proceeding') ('leagl proceeding') waarin mens die hof vra om iemand te beveel om op 'n bepaalde wyse op te tree sodat daar nie met jou regte ingemeng word nie.

1.6.3 Die (aanhef/lang titel) verklaar die omstandighede en agtergrond van wetgewing.

1.6.4 Die erfreg maak deel uit van (privaat-/publieke) reg.

Kopiereg voorbehou

1.6.5 Die (uitvoerende gesag/regsprekende gesag) bestaan uit die president en die kabinet op nasionale vlak.

(5 × 1) (5)

1.7 Watter hof het jurisdiksie om elke saak hier onder aan te hoor? Skryf slegs die antwoord langs die vraagnommer (1.7.1–1.7.5) in die ANTWOORDBOEK neer.

1.7.1 Logan het 'n musieksentrum by Xavier Meubileerders ten bedrae van R10 000 gekoop. Na 'n week besef hy dat die DVD foutief is en wil sy geld terugeis.

1.7.2 Jean en Scott is reeds tien jaar binne gemeenskap van goed getroud. Nadat die huwelik onherroeplik verbrokkel het, wil Jean nou aansoek doen om 'n egskeiding.

1.7.3 Tony wil appelleer teen 'n beslissing van die Hoë Hof nadat hy skuldig bevind is aan moord met voorbedagte rade.

1.7.4 Eric is skuldig bevind aan bedrog. Die saak is in die Port Elizabeth Streekhof aangehoor en hy is gevonnis tot 15 jaar gevangenisstraf of 'n boete van R300 000. Eric wil nou appelleer teen die beslissing van die landdros.

1.7.5 Storm, 'n vyftienjarige, is gevang toe sy lipstiffie by die Beauty Bar gesteel het. Sy is gearresteer en van diefstal aangekla.

(5 × 2) (10)
[50]

TOTAAL AFDELING A: 50

AFDELING B

VRAAG 2

2.1 2.1.1 Noem DRIE tipes publiek reg. (3)

2.1.2 Noem TWEE tipes privaatreg. (2)

2.2 Onderskei tussen *objektiewe sin* en *subjektiewe regte.* (8)

2.3 'n Meester van die Hoë Hof word aangestel vir elke provinsiale afdeling van die Hoë Hof van Suid-Afrika deur die Minister van Justisie en grondwetlike ontwikkeling.

Bespreek die funksies van die Meester van die Hoë Hof. (4 × 2) (8)

2.4 Lees die uittreksel hier onder en beantwoord die vrae.

LexisNexis

Die **oppergesag van die reg,** in sy mees basiese vorm, is die beginsel dat geen persoon bo die reg verhewe is nie. Die reël volg uit die idee dat waarheid, en dus die reg, gegrond is op fundamentele beginsels wat ontdek kan word, maar wat nie deur 'n wilshandeling geskep kan word.

https://www.lexisnexis.co.za/about/rule-of-law

2.4.1 Verduidelik die beginsel van die oppergesag van die reg. (13)

2.4.2 Wat is die omstandighede wat die staat in 'n noodtoestand moet oorweeg voor hy kan optree of oorlog verklaar? (2)

2.5 Bespreek kortliks die voor- en nadele van regterlike/regsprekende ('judicial') presedente. (4)

[40]

VRAAG 3

3.1 Lees die volgende gevallestudie en beantwoord die vrae.

Dr Y het mev X behandel vir komplikasies wat gespruit het uit sepsis in die maag en 'n sjirurgiese wond nadat 'n algehele histerektomie op 8 April 2018 by die ABC Staatshospitaal op haar uitgevoer is. Die sepsis was 'n komplikasie van die histerektomie wat deur Dr Y uitgevoer is.

Toe sy vir 'n pynlike maag tot die hospitaal toegelaat is, is sy behandel met baie sterk antibiotika, maar ten spyte daarvan het die infeksie nie opgeklaar nie.

Dr Y het vermoed dat daar 'n vreemde voorwerp diep in die wond of buikholte was en het mev X geopereer. Dit was 'n baie groot operasie onder narkose, naamlik 'n oop laparotomie. Hy het gevind dat 'n buikdepper in die bekkenholte gelaat is ten tyde van die histerektomie. Die depper is verwyder, die buikholte is uitgewas en met 'n interne drein toegemaak, en gepaste antibiotiese behandeling is toegedien.

Mev X het goed herstel. Die dreineerbuise is die vyfde dag na die operasie verwyder en sy is nege dae na die operasie ontslaan. Sy is daarna op verskeie geleenthede by die buitepasiënte-afdeling gesien en het ten volle herstel.

Mev X het geen probleme met die litteken of buikpyn na die tweede operasie na die hersteltyd gehad nie. Die depper wat agtergelaat is tydens die histerektomie het haar herstel egter vertraag, en het buikpyn en ondraaglike pyn veroorsaak. Dr Y het gerapporteer dat sy vir ongeveer 'n maand na 'n ongekompliseerde histerektomie nie sou kon werk nie, maar as gevolg van die komplikasies is dit tot ses maande verleng.

Mev X het maande lank pyn en erge angstigheid verduur; sy het gevrees dat sy nie weer die lewe sou kon geniet nie en ook vanweë die feit dat sy noodgedwonge 'n tweede gevaarlike operasie moes ondergaan.

3.1.1 Adviseer jou kliënt oor die artikels van die Wet op Staatsaanspreeklikheid. (7)

3.1.2 Watter regsfunksionaris sal die staat verdedig? (1)

3.1.3 As mev X gronde het om 'n geding teen die staat in te stel, watter hof sal die aangeleentheid aanhoor? (1)

3.1.4 Skryf 'n kort verduidelikende aantekening oor die verskil tussen *straf-* en *siviele sake.* (4)

3.2 Beskry kortliks die legaliteitsbeginsel en verduidelik die toepassing daarvan in administratiewe verrigtinge. (8)

3.3 Bespreek wetgewing as 'n bron van administratiefreg en al die komponente wat deel uitmaak van hierdie bron van administratiefreg. (15)

3.4 Verduidelik die vereistes wat gestel word voor 'n hof 'n gewoonte as 'n regsreël sal beskou. (4)

[40]

Kopiereg voorbehou

VRAAG 4

4.1 Identifiseer die TWEE tipe administratiefregverhoudings en verduidelik elkeen kortliks by wyse van voorbeelde. (6)

4.2 Noem en bespreek die DRIE tipes delegasie binne administratiewe gesag. (14)

4.3 Wanneer het 'n hof of tribunaal die bevoegdheid om 'n administratiewe handeling geregtelik te hersien? (10)

4.4 Noem die vorms van geregtelike hersiening wat in Suid-Afrika voorkom.(4 × 2) (8)

4.5 Wat is die verskil tussen *meganies administratiewe verrigtinge* en *beperkte diskresie?* (2)
[40]

VRAAG 5

5.1 Verduidelik kortliks elke grondliggende reël van uitleg. (14)

5.2 Noem en bespreek interne hulpmiddels met betrekking tot die uitleg van wette. (16)
[30]

TOTAL AFDELING B: 150
GROOTTOTAAL 200

Kopiereg voorbehou